(vanaf p. 19)

Anadra het 'n heup gebreek, deur 'n epiduraal te ontvang kon hulle vir hom 'n pen in sy been en heup sit. Bid asb. vir hom, hy veg ook op sy ouderdom teen kanker en het net 8% nierfunksie oor.

* Rina Knoessen het in die week 'n knieoperasie ondergaan waarin die kraakbeen verwyder is, sy is reeds op 'n lang pad van herstel na rugoperasie.
* Nela Rossouw (91) suster van Elsie Pienaar (97) het gesterf.
* Marie Jacobson het spiere beseer terwyl sy van die rugoperasie herstel, sy is steeds haar ou self - vol humor.
* Louise Human herstel tuis na die voetoperasie.
* Hester Janse van Vuuren was in hospitaal opgeneem en heropgeneem met vaskulêre probleme en 'n episode van asemnood.
* Corrie Theron van Rusoord herstel van 'n enkelbesering.
* Krit Gouws herstel tuis na 'n rugoperasie.
* Joe Voges het gesterf. Bid asb. vir Hannetjie, Louise, kleinkinders en familie.
* Hoffie Hofman is weer terug in Rusoord nadat hy deur beroerte getref is. Hy is aan sy regterkant verlam en het al ons gebede nodig.
* Alida van Zyl is uit die hospitaal oorgeplaas na 'Step-Down'. Sy vorder goed op die pad na herstel na die rug operasie.
* Tiny Krige se kleinseun was in die afgelope maand in twee motorongelukke, deur die Here se genade is hy ongedeerd, ons is saam voor die Here bly oor Sy goedheid.
* Sus Alheit, wat in die Strand gewoon het en vroeër van ons gemeente 'n aktiewe lidmaat was, is Donderdag 23 Aug. oorlede. Dit was 'n vreugde om haar te ken. Ons dink in gebed aan haar kinders en kleinkinders

Lyttelton-Noord
Nederduitse Gereformeerde Gemeente

SEPTEMBER DATUMS

Datum (Tyd)	*Beskrywing*
1. Vergaderings:	
Geen aangeteken op kerk-kalender	
2. Byeenkomste:	
7	*(17:00-19:00) Jeug verkope*
3. Vakansiedae:	
24	*Erfenis dag*
4. Artikel, nuus, advertensie en foto sperdatum vir volgende Kalender	
16	*Sperdatum*

Nuusbrief van NG-Kerk Lyttelton-Noord

Jaargang 16 - Augustus 2018

Die Kandelaar

Lyttelton-Noord
Nederduitse Gereformeerde Gemeente

Dankie Here!

God verwag van ons om dankbaar te leef – 1 Tessalonisense 5:16-18.

Ek wil jou uitnooi om saam te reis en na God se wil vir ons lewens te luister: wees altyd bly, bid gedurig en wees in alle omstandigheide dankbaar.

God het nie ons dankbaarheid terwille van Homself of Sy bestaan nodig nie, Hy vra dit omdat Hy weet dit sal ons ten geode wees.

Dankbaariheid is die sleutel tot 'n lewende geloof en 'n konneksie met God en ander mense. Dankbaarheid laat 'n mens gedy.

Hoe kan ons die diep ervaring van dankbaarheid in ons lewens terug-kry, veral wanneer ons intense druk beleef of in moeilike omstandighede verkeer?

Dallas Willard het daarop gewys dat dankbaarheid in ons begin opwel wanneer ons die lewe as 'n geskenk van God kan sien.

Indien die lewe iets is waarop ons 'n reg het of op aanspraak maak , raak ons ongelukkig as ons dit nie in volheid ontvang nie.

Indien ons egter die lewe kan sien as 'n gawe, 'n geskenk wat God uit goedertierenheid vir ons gee, dan word mens dankbaar vir elke grieseltjie wat jy uit God se hand ontvang.

Mag u op hierdie oomblik ervaar dat ek en u bestaan te danke is aan God se liefde wat ons tot lewe gewil het.

Die lewe word verwondering, vreugde— jy word met opgewondenheid gevul by die wete dat God jou beplan, gewil en gevorm het.

As ons besef watter voorreg dit is om more wakker te word, word ons wakker met 'n son wat

(gaan aan op p. 2)

INHOUD

Dankie Here! Ds Gideon du Toit 1
Dankbaarheid - Die Parfuum van my Hart! Francois du Plessis 2
Basaar by die Omgeekerk 8
Gedig: Die Hemele vertel die Eer van God Helen Steiner Rice 11
Hoede-pret 12
Is dit God se skuld Daan Killian 15
Genade deur dankbaarheid Hennie Fritz 16
Die Suid-Afrikaner en die sleehond 18
Lief en Leed 19
September Datums 20

(vanaf p. 1)

opkom. Nie deur my toedoen nie maar deur God se wil. Ek work ook wakker met die wete dat ek verlos is, God se kind is, nie deur my toedoen nie, maar deur Sy Genade.

'n Predikant wat lank geworstel het met die dood van sy kind skryf die volgende woorde: "Who was my daughter really? She had been a gift not someone I created and therefore had the right to clutch as an owned possession. Rather a treasure who had always belonged to another, she had been with me solely through the Gracious generosity of that One. At every juncture we as humans have the ability to choose what attitudes we assume—and so it was with me. I could get angry, that my daughter had died after 10 short years or I could share in her wonder. I chose the latter and I still do. I chose the way of gratitude. "

Gee dank en leef dank. Begin jou dag met dank en eindig jou dag met dank, begin om dan die spasie tussen die twee te vul met dank.

Geskryf deur Ds Gideon du Toit

Dankbaarheid – die PARFUUM van my hart

Skrywer: Francois du Plessis

Die webtuiste word "Die Christelike Lewe" genoem.

Lukas 17:11-19

Hoe word 'n mens gelukkig? En as ek 'n mate van geluk geniet, hoe kan ek nog gelukkiger word? Meer en meer mense begin aan depressie ly. Is daar 'n wondermiddel vir hierdie siekte? Daar is so baie moeilike mense in hierdie lewe, is daar 'n manier waarop ek beter met hulle oor die weg kan kom?

Hoe kan ek nader aan die Here kom? Hoe kan ek maak om gelukkiger in my geestelike lewe te word? Ek het 'n baie eenvoudige antwoord op al hierdie vrae gekry. Dis so eenvoudig dat u dit miskien nie sal wil koop nie. Maar ek kan u verseker dat as u die raad volg, sal u 'n wenner wees. Ek het dit sien werk. Die antwoord lê in een woordjie opgesluit – DANKBAARHEID.

JESUS SE VERHAAL

Jesus vertel die verhaal van tien melaatse mans wat Hy genees het. En in hierdie verhaal vertel Hy vir ons van die genesende salf van 'n dankbare hart: *Lukas 17:11-13*

Op sy reis na Jerusalem toe het Jesus al met die grens tussen Samaria en Galilea langs gegaan. Net toe Hy 'n sekere dorpie wou binnegaan,

(gaan aan op p. 3)

LIEF EN LEED

* Hannatjie Kritzinger is weer tuis nadat sy gehospitaliseer was en 'n tyd by haar kinders deurgebring het.
* Bets de Wet herstel goed nadat sy geval het op die heup wat vervang is en sy weer 'n draai in teater moes maak.
* Phillip Crafford se vader Dolf het gesterf.
* Henoch Schoeman was na komplikasies van vorie operasie, weer terug na hospitaal vir rugoperasie.
* Sue Nel was siek kort na die Basaar, dankie vir al die energie wat sy in die organiserin gesit het.
* Helene Pretorius het 'n knieoperasie ondergaan ons bid dat sy spoedig sal herstel en die volkome gebruik van die knie sal hê.
* Amanda Boyes (dogter van Robbie en Annatjie Seaborne) het ons voorbidding nodig. Haar gesondheidstoestand het so versleg dat sy om mediese redes moes ophou werk.
* Alan Moore herstel tuis na 'n rugoperasie waarin 'n werwel met sement opgebou moes word. Hy het sy rug beseer met 'n frats ongeluk waarin sy voertuig hom onderstebo geloop het.
* Hannes Minnie is oorlede, bid asb. vir Francis (Rusoord) en die hele familie dat hulle God se troos sal ontvang.
* Maricha Marais (14jr) is na 'n breinoperasie ontslaan en herstel tuis. Ons loof die Here vir 'n geslaagde operasie en bid dat Hy haar so sal genees dat sy normaal met haar lewe sal kan voortgaan.
* Wiida Lynn is tuis na 'n val waarin haar ribbes beseer is.
* Dolf Crafford het ons gebede nodig, hy word ontslaan uit die "step-down" en sal tuis versorging nodig hê.
* Betsie de Wet word nog in die "step-down versorg. Ons bid vir haar en mis haar bydrae van die sendingnuus in die Kandelaar hierdie maand.
* Helene Mouton het 11 maande gelede beroerte gehad, sy het steeds gebed nodig op die lang pad van herstel.
* Ons bid vir almal in Protea dat daar 'n oplossing sal kom vir die versorgingseenheid wat gesluit is na 'n waterlekkasie. Die ingenieurs is besig om die skade te bepaal.
* Issie de Kock (motorneuronsiekte) het steeds ons voorbidding nodig, sy ontvang suurstof. Bid asb. dat sy sodanig sal herstel dat sy weer 'n normale lewe kan lei.
* Klaas en Annatjie Janse van Rensburg is na Klerksdorp waar 'n jong familielid in 'n motorongeluk gesterf het. Ons dra hele familie aan die Here op vir troos en berusting.
* Elize Viviers herstel mooi na haar rugoperasie.
* Rina (50) suster van Christian en Hulda Stoop het gesterf. Ons dra vir hulle en die kinders Conrad en Chris aan die Here op, mag hulle elke dag Jesus se troos en liefde ervaar.
* Dolf Crafford (86) vader van Phillip en

(gaan aan op p. 20)

(vanaf p. 17)

en minder die pad na 'n goeie fortuin. Dan word dit genoeg dat daar mense is wat gelukkig is, wat liefde vir jou gee en wil ontvang, dat jy veilig is, en so sonder soek en grawe, word 'n belowende toekoms uit genade gebore. Dit is nie meer 'n geval dat jy net goeie dinge vir jouself kies nie, en jou dankbare leefwyse is nie meer afhanklik van jou lewensomstandighede nie. Jy besef dat pyn en vreugde deel is van die geheel. Wanneer hierdie toestand van onbaatsugtige dankbaarheid begin blom, word jou gedagtes ruimer, ook stiller, en jou hart ontvang sy eerste smaak van die lang-gesogte vrylating van vrees en wil. Dit... is genade.

Hennie Fritz

Die Suid-Afrikaner en die sleehond

'N SUID-AFRIKAANSE toeris in Groenland wil graag die yswoestyn oorsteek met 'n slee wat deur 'n sterk sleehond getrek word. Hy huur dus 'n hond met 'n slee en die nodige toerusting, maar hy weet nie so reg hoe om die dier aan die loop te kry nie.

"Dis heel eenvoudig," sê die Eskimo wat alles aan hom verhuur het, "praat net Eskimo-taal met die hond, meneer. As jy `Sjoe' sê, sal die hond begin loop en as jy `Sjoe-Ai Me 'Nsig Da Rem" sê, sal hy hardloop dat hy bars."

"En as ek wil hê hy moet stop?" vra die Suid-Afrikaner.

"Dan sê jy bloot A Me 'N," antwoord die Eskimo.

Die hond staan ingespan voor die slee en wag, en die Suid-Afrikaner klim op die slee.

"Sjoe," sê hy, en die hond begin loop. 'n Entjie verder die yswoestyn in sê die man: "Sjoe-Ai Me 'Nsig Da Rem", en die hond laat waai oor die ys.

Skielik sien die man egter 'n reusagtige afgrond voor hom opdoem. En paniek pak hom beet. Hy het vergeet wat hy moet sê om die hond te laat stilstaan. Hy weet dat hy hom saam met die sleehond te pletter gaan val, en hy het nog net tyd vir 'n skietgebedjie. Aan die einde daarvan sê hy: "Amen" -- en wonder bo wonder, die sleehond gaan staan botstil. Vlak voor die rand van afgrond steek die dier in sy vier spore vas.

En die verligte Suid-Afrikaner vee die sweet van sy voorkop af en sê:"Sjoe! Ai, mensig, darem!"

https://www.peterjasie.co.za/lag.html

(vanaf p. 2)

kom tien melaatse mans Hom tegemoet, maar bly op 'n afstand staan en roep hard: *"Jesus, Here, ontferm U oor ons."*

Kan jy hulle sien? Dis 'n vreeslike gesig. Party het nie meer hande nie. Ander het net stompies vir voete. Hulle sukkel met kieries. Sommige se neuse en ore is al deur die melaatsheid weggevreet.

Hulle klere is nie meer klere nie, dis net vodde. Hulle bly nie in 'n mooi groot huis nie, dis sommer so 'n grot affêre.

Kan jy hierdie tien patetiese wrakke sien? Kan jy nog iets anders in hierdie mense raaksien? Hulle het so 'n ent nader aan Jesus beweeg en toe op 'n redelike afstand begin roep:

Vers 13: "Jesus, Here, ontferm U oor ons."

Hulle het hard geroep, en aanhoudend geroep. Kan jy hoor hoe hulle roep? Party se stemme is skor en lelik as gevolg van die verwoestende melaatsheid. Kan jy daardie geroep in ons dag van vandag hoor? *"Jesus Here, ontferm U oor ons!"*

Wat 'n toneel! Jesus se oë is op die tien melaatse mans. Ek wonder wat alles deur Jesus se gedagtes geflits het? Ek glo Hy was baie hartseer. Dis nie hoe Hy bedoel het die mens moes lyk nie. Wat 'n skrille kontras tussen die eerste mens - Adam - en hierdie tien gedrogte wat op 'n afstand na Hom staan en roep!

In *Lukas 17:14 "Toe Hy hulle sien, sê Hy: Gaan wys julle vir die priesters. Op pad daarheen het hulle gesond geword."*

Die tien melaatses hou skielik op om vir genesing te smeek. Hulle luister na Jesus se opdrag. Daar is krag en meegevoel in Sy stem. Hulle glo wat Hy sê en begin dadelik in die rigting van Jerusalem te stap, waar die priester hulle rein gaan verklaar.

Ek wens ek kon hulle reaksie sien toe hulle ontdek dat hulle gesond geword het. "Haai, manne" skree een "my vingers is terug" "Kyk daar," skreeu 'n ander een, "Josef se ore is terug."

In my geestesoog sien ek hoe hierdie tien geneesde melaatses jubel en lag van dankbare geluk.

Vers 15 en 16 gooi die soeklig op een van die tien. "Een van hulle het, toe hy sien dat hy genees is, omgedraai en God hardop geprys. Hy het voor die voete van Jesus neergeval en Hom gedank. Hierdie man was 'n Samaritaan."

Jesus kyk hoe nege melaatses wegstap sonder om te kom dankie sê. Die volgende twee verse vertel ons iets van die nege geneesdes en iets van Jesus wat baie belangrik is. 17,18 "*Toe sê Jesus: Was daar nie tien wat gesond gemaak is nie? Waar is die ander nege dan? Is daar niemand anders wat omgedraai het om God die eer te gee behalwe hierdie man wat nie eers 'n Jood is nie?"*

VRAAG

Kom ons vra 'n vraag. Waarom is die Here so goed vir die mens? Ons is so sleg. Waarom is Hy so goed vir ons? Hy het geweet nege mense sou nie kom dankie sê nie? Romeine 2:4 gee vir ons die antwoord: *"Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?"*

Jesus het aan hierdie melaatses die grootste geskenk van hulle hele lewe gegee om vir hulle te wys hoeveel Hy vir hulle omgee en om hulle nader aan Sy groot hart van liefde te trek. Wat Hy hulle gegee het, was eintlik weinig. Hy wou vir hulle nog baie meer gee. Hy wou Homself ook nog aan hulle gee. As hulle maar net

(gaan aan op p 4)

(vanaf p. 3)

wou kom dankie sê het.

FILOSOFIE

Ek wonder waarom die nege melaatses nie omgedraai het en vir Jesus gaan dankie sê het nie? Miskien was dit ‘n soort uitkyk wat hulle op die lewe gehad het. Miskien het hulle gedink dat omdat hulle aan die regte kerk behoort, Jesus verskuldig is om hulle te genees. Ons optrede het baie met ons uitkyk op die lewe te doen.

Ek wil net sê dat as ek dink dat my lidmaatskap aan die regte kerk my vir die goedheid van die Here kan kwalifiseer, dan sit ek met die verkeerde motief in die regte kerk. Die lewe skuld my niks.

Die wese van die evangelie leer dat nie ek of my kerk se goeie dade my vir die goedheid van die Here kan kwalifiseer nie. Die goedheid van die Here is ‘n onverdiende guns. Dit word op my uitgestort tenspyte van myself en al my gebreke.

Nege mense stap oor die verste rand, verder weg van Jesus, en in Sy hart is daar hartseer. *“Is daar niemand anders wat omgedraai het om God die eer te gee behalwe hierdie man wat nie eers ‘n Jood is nie?”* vers 18. Is dit moontlik dat my ondankbaarheid verdriet in Sy hart kan veroorsaak?

My laat wegstap van die Here!! Geen regte nie net voorregte.

MISGELOOP

Wat het hierdie nege ondankbares misgeloop omdat hulle nie omgedraai het en Jesus bedank het nie? En wat het die een dankbare ontvang toe hy Jesus gaan bedank het?

Vers 19 *“En vir hom sê Hy: Staan op en gaan huis toe. Jou geloof het jou gered.”*

Saam met die genesing van die werklike vreeslike melaatsheid, het Jesus aan hierdie een dankbare man ook die genesing van sonde melaatsheid geskenk. Hierdie man het die grootste van alle genesings ontvang.

Die genesing van die siel. Dis waar dankbaarheid hom uitgebring het. Hier is vir my ‘n groot les. Saam met al die goeie dinge wat die Here my skenk, wil Hy my ook Sy reddende genade skenk. Sy gawes wat Hy so mildelik op my uitstort, is lokmiddels na Hom sodat ek die grootste van alle gawes kan ontvang. Nege mense wat nie kom dankie sê het nie, het die heerlike ondervinding van ‘n persoonlike ontmoeting misgeloop.

VRAAG

Ons trek ‘n lyn vanaf daardie gebeurtenis 2000 jaar gelede, tot hier by ons. En ons vra vir onsself die vraag. Wat maak ons met die goedheid van die Here? Stap ek onverskillig en ondankbaar weg of draai ek elke keer om, om vir Hom dankie te sê?

Is dit moontlik dat ek oor so baie dinge kla dat ek nie meer die goedheid van die Here raaksien nie? Daar is genoeg ellende om die heeldag te kla. Maar daar is baie meer om voor dankbaar te wees. Waarmee is mens besig?

THEO HARRIS

Terwyl ek predikant op Bloemfontein was, het my foon een oggend gelui. Dit was ‘n baie geleerde stem aan die anderkant. Hy wou my kom spreek het. In ons gesprek het dit uitgekom dat hy ‘n kliniese sielkundige was. Ek het aan hom probeer verduidelik dat ek nie seker is of ek die aangewese persoon was om hom te help nie, maar hy het daarop aangedring dat hy my wil kom spreek.

Later daardie oggend het die mooiste man met die lelikste uitdrukking op sy gesig wat ek

(gaan aan op p. 5)

(vanaf p.16)

weer geskenk kan word nie.

Die woorde "dankbaarheid" en "genade" deel 'n gemeenskaplike oorsprong: " Dankbaar" vanaf die Latynse woord gratus, wat ook "verblydend" kan beteken. Laasgenoemde omvou die stille wete en emosie dat wanneer jy in 'n toestand van diep dankbaarheid is, jy dikwels spontaan die teenwoordigheid van genade sal voel. Die genade van 'n mens se lewe is dat dit jou die vermoë gee om te ervaar wat buite die gees en liggaam aangaan. Waar God die leegheid kom volmaak.

Ons vertrekkende pensioenaris predikant noem noudie-dag ‘n waar ding: Jy met al jou foute, is gekies vir hierdie geleentheid om bewustelik die lewe te proe. Hierdie gawe is genade, selfs wanneer jou lewe met groot moeite en opdraendes gevul is; wat die spul laat voel soos 'n geskenk wat liewers agterweë kon bly.

Erens het ek eenmaal gelees van ‘n ou wat hom onttrek het aan die lewe, doelbewus om met slegs die noodsaaklikste van ‘n lewensverwagting te leef, om ‘n nuwe pad te begin stap. Toe die dag aanbreek dat sy uurglas leeg was en hy moes sterf, toé, ontdek hy deur allesheen, dat hy tog nog nie geleef het nie. Toe het hy begryp, dat die lewe en alles daarin, maar slegs 'n geskenk was.

Hierdie genade van lewensbewustheid, met 'n gedagte wat weet "'n oomblik is hier en nou," is die wortel van alle wonder, waaruit dankbaarheid vloei. Die wonder, die verborgenheid, is dat ek, soos almal anders, hierdie kort, kosbare tyd van menswees, nooit vir ‘n ander kan “gee” tensy ek dit nie self vul nie.

In die Bybel het Paulus geleer, "Wees in alles dankbaar." Wat hy bedoel het, is dat vanuit ons beperkte insig, dit nie moontlik is om die uitslag van 'n gebeurtenis te weet nie. Wat vandag erge ongelukkigheid veroorsaak, kan spoedig in 'n onverwagte seën verander. Daar is 'n baie ou storie oor 'n man wie se seun 'n sterk, mooi, wilde perd gevang het. Al die bure het die man vertel hoe gelukkig hy was om hierdie mooi dier te kon aankeer. Die man het geduldig geantwoord: "Ons sal sien." Een dag het die perd sy ruiter afgegooi en die seun het sy been gebreek. Al die bure het die man kwalik geneem en gevra hoe kon hy sy seun op die wilde dier laat ry. Weer het die man geantwoord: "Ons sal sien." Kort daarna het ‘n oorlog uitgebreek en die weermag is gestuur om al die jonger mans as manskappe op te kommandeer. Toe al die weerbare jong mans uit die dorpie weg is, was net die seun met die gebreekte been gespaar. Die man se vriende het hom vertel hoe gelukkig hy was dat sy seun se been juis nou gebreek was. Dan sou die man net sê, "Ons sal sien." Net soos dit, is ons dankbaarheid vir deelname aan hierdie lewe ‘n misterie.

Dankbaarheid vir genade ontwikkel in die uitleef van onbaatsugtige dankbaarheid. Dit is opgesluit in die oefening om jou bekommernisse stadig maar seker weg van jouself, asook van diegene na aan jou, te skuif. Wanneer dit gebeur, soek mens al minder

(Continued on page 18)

(vanaf p. 15)

en ellende oor homself en ander.

* Ons kan dalk vra: maar wat beteken Christus se oorwinning oor die dood en die magte van die duisternis dan. Daarop, dink ek, moet ons antwoord dat Christus se oorwinning 'n oorwinning in beginsel is en eers by die wederkoms ten volle werklikheid sal word. Intussen is die magte van die duisternis nog baie sterk en bedrywig en kry dikwels die oorhand oor die mens. Nogtans is die oorwinning van Christus sterk genoeg om ons te laat oorwin oor die bose in ons eie lewensopset.

* Daarom moet ons as gelowiges voortdurend stry teen die bose magte en sondige neigings in ons eie lewens, want dit is moontlik om deur Christus se krag te oorwin. Ons kan sekerlik nie alles verstaan of verklaar wat betref al die ellendes wat die mens elke dag tref nie of wat hyself veroorsaak nie. Maar ons kan God ook nie vir alles blameer nie. Indien u 'n meer breedvoerige verduideliking van die probleem van God se rol in 'n bose wêreld wil kry, lees gerus die boek van prof Adrio König: God, waarom lyk die wêreld so?, Lux Verbi. BM, 2002. Dié boek is nie maklik om te lees nie, maar 'n mens het ook nie teologiese opleiding nodig om dit te verstaan nie.

Geskryf deur Daan Kilian, gekry uit Die Kandelaar van Augustus 2016

Genade deur dankbaarheid gevind

Hennie Fritz *2013-03-21*

Riaan Cruywagen het met sy vele openbare afskeidsboodskappe vroeër, bykans altyd met een sinsnede afgesluit: .."dit was net genade". Toe dink ek en weer en weer kon ek hierdie skryfstuk nie keer ...

As jy gevra word om 'n lys te maak van dinge waaroor jy dankbaar is, hoe lank sal hierdie lys wees-20 dinge, 100, 500? Jy sal waarskynlik goeters soos jou gesondheid, jou verstand se vermoë om goed te funksioneer, familie, vriende, en vryheid insluit. Maar sou dit ook die basiese benodighede, soos 'n veilige plek om te slaap, skoon lug en water, kos, en medisyne insluit? Wat van die aarde self, blou lug, uit-die-maaglag, 'n warm aanraak, die reuk van lente, die smaak van sout, die soetheid van suiker, of daardie oggend koppie koffie saam met die koerant?

Sonder opdrag, kan besinning oor dankbaarheid vervelig of sentimenteel lyk. Dit roep herinneringe van jou moeder wat jou vermaan om al die kos op jou bord te eet of die asdrom uit te sit of die hond kos te gee. Deel van die verwarring is dat baie mense by die punt gekom het, dat dankbaarheid gelyk aan die verpligting daarvoor gestel word. Maar ware dankbaarheid begin as waardering vir dit wat in jou lewe inkom. Uit hierdie waardering, ontstaan 'n natuurlike, spontane emosie wat dankbaarheid is, wat dikwels gevolg word deur vrygewigheid. Wanneer dankbaarheid uit 'n skuldgevoel strompel, is dit so dat per definisie, wat gegee is, nie

(gaan aan op p. 17)

(vanaf p. 4)

nog ooit gesien het, die pastorie binnegestap. Dit was die begin van 'n reeks ontmoetings. Dit het nie lank geneem voordat ek 'n baie groot leemte by hom ontdek het nie. Die vreugde van dankbaarheid het uit sy lewe verdwyn.

Voor hy weg is, het ek hom sy huiswerk gegee. Hy moes dit vir 'n week lank beoefen en dan moes hy weer terugkom en rapporteer. Die behandeling wat ek voorgeskryf het, het uit twee woorde bestaan wat hy elke oggend vir sewedae moes sê wanneer hy wakker word. Kan jy raai wat hy moes sê? "Dankie Here."

En weet jy wat sê hy vir my? *"Ek het absoluut niks om oor dankbaar te wees nie."* Ek sê toe vir hom *"Wel, dis nou nie my probleem nie, ek gee jou net jou huiswerk. Al het jy niks om voor dankbaar te wees nie, sê maar net 'Dankie Here' wanneer jy wakker word."*

Na hy dit vir vyf dae gedoen het, het hy geknak en 'n nuwe dankbare mens geword.

ALTA COETZER

Voordat ek vir u van Alta Coetzer vertel, lees ek vir u hierdie heerlike gedagte: *"As ons… ons meer verbly in die seëninge waarvan ons weet die groot genade en liefde van God – sou ons meer geloof en groter BLYDSKAP hê. Die SEëNINGE wat op 'n waardering van die goedheid en liefde van God volg, kan deur geen tong beskryf en deur geen beperkte verstand begryp word nie. Selfs hier op aarde kan ons vreugde hê soos 'n lewende fontein wat altyd standhou omdat dit gevoed word deur strome wat van die troon van God vloei."* Ps 90:14

Alta het op die rusbank gesit. Sy was bleek en verbitterd. Die dokters het haar opgegee soos ons sê, en sy het net gewag om te sterf. Sy wou nie meer lewe nie, want die lewe het vir haar niks mooi meer ingehou nie. Voor ek daar weg is, het ek haar gevra of sy nie nog een keer wou probeer nie. Sy het my sinies aangekyk en ja gesê.

Haar huiswerk was baie eenvoudig. Sy moes gedurende die volgende week drie dinge neerskryf waaroor sy dankbaar was. Wat 'n heerlike besoek toe ek die volgende week daar aankom het sy vir my haar boekie gewys. Sy het seëninge ontdek wat sy jare van te vore van vergeet het. Alta het ryker en ryker geword.

Die dankbaarheid wat sy meer en meer begin uitspreek het, het haar nader en nader aan die Here gebring. Ek sal haar stralende gesig die dag toe sy gedoop is, nooit vergeet nie. Alta is onlangs oorlede. Nie as 'n siniese ondankbare en geestessterwende mens nie, maar as een van die gelukkigste mense wat ons geken het.

Die geluk wat ons ondervind, hou direk verband met die dankbaarheid wat ons uitspreek en beleef.

L A U R E T T A

Vir weke en weke het die klein mensie wat by ons kom intrek het net gehuil en gehuil en gehuil. Saam met die trane was daar die baie bottels melk wat warm gemaak moes word, die winde wat snags uitgeklop moes word en die dosyne en dosyne doeke wat gereeld omgeruil moes word.

En toe op 'n dag het iets heerliks gebeur. Sy het vir ons 'n glimlag van waardering gegee. Dit was nie 'n gesigstrekking asgevolg van koliek nie. Dit was hemels. My kind het agtergekom dat ons daar was en sy het dit met 'n dankbare ou glimlaggie gewys.

Kan jy onthou toe dit met jou gebeur het? Wat 'n belewenis. Daardie ondervinding het my aan 'n setaat herinner wat asvolg lui:

(gaan aan op p. 6)

(vanaf p. 5)

"Soos 'n moeder haar baba dophou om 'n glimlag van erkenning te sien, so wag die Heiland om ons dankbaarheid te ontvang." OR 84.

In 2 Korintië 9:12 praat Paulus van 'n *"oorvloedige dankbaarheid teenoor God."* Miskien moet ons so 'n bietjie meer dankie sê.

Paulus sê in Efesiërs 5:4 *"Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle."*

Filipense 4:5 *"Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."*

Kom ons begin ons gebede met lofprysing tot God. Dis so pragtig om te lees hoe baie psalms begin. Luister bv. na hierdie een: *"Loof die Here want Hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid."* Ps 107:1

VERSOEKINGS

Het jy geweet dat die beste manier om die Satan se versoekings te weerstaan, is 'n bepeinsing van die goedheid van die Here. Dis onmoontlik om versoek te word terwyl 'n mens met waardering aan die goedheid van die Here dink.

MOEILIKE MENSE

Een van die fynste wetenskappe, is die wetenskap van die kennis van die mens. Wanneer daar gesonde verhoudings tussen mense bestaan, is dit hemels, maar wanneer verhoudings vertroebel, leef jy in 'n ewige brandende hel van ongeluk.

Iemand het hierdie gedagte neergeskryf: *"Ons ontvang daakliks van die hemel se oorvloedige seëninge. Dit behoort 'n liefdevolle dankbaarheid teenoor God op te wek.* (En dan volg 'n baie interessante gedagte) *Dit sal ons help om meegevoel met ons medemens te hê en om hulle belange, ons belange te maak."*

Jy kan nie vir iemand kwaad wees as jy vir hom jammer is nie. Daardie jammerte, daardie meegevoel kom wanneer my hart van dankbaarheid teenoor God begin oorloop.

SKRIKKELJAAR

In 1952 het my ouers vanaf Heidelberg Transvaal na Standerton verhuis. In Heidelberg het ons swaar gehad. My pa was sonder werk en ons skakelhuis naby die Blesbokspruit was beslis nie die mooiste huis in Heidelberg nie.

In Standerton het my pa weer 'n goeie werk gekry en ons huis was baie mooier. Dit was 'n nuwe hoërskool en nuwe vriende. Iets wonderliks het daardie jaar in standerd nege

(gaan aan op p. 7)

helplift NETWORK

In geval van nood of 'n dringende behoefte, skakel die kerkkantoor (Sue) om te registreer op die **HELPLIFT** netwerk van ons gemeente.

Indien u hulp in enige vorm kan aanbied (professionele diens, vervoer van ons seniors wat nie meer self kan bestuur nie ens.) kontak die kerkkantoor om op die **HELPLIFT** netwerk van ons gemeente te registreer.

Kerkkantoor tel: 012 664 6695

IS DIT GOD SE SKULD?

Op die laaste Sondag in Julie het ds Pieter Malan by ons gepreek oor God se liefde wat ons as gelowiges juis geroepe is om in die wêreld te toon deur ons optrede en lewenswyse. Ek wil nie reageer op sy preek nie, maar op iets wat hy in sy preek vertel het, nl. dat hy in die kringe waarin hy betrokke is oor die bewaring van die natuur en die stryd teen besoedeling 'n dame teengekom het wat baie ywerig werk vir die saak. Uit wat hy vertel het, lei mens af dat dié dame alles veil het vir die natuur en die mense wat deur besoedeling benadeel word. Sy werk baie hard om 'n belangrike saak te bevorder en met liefde en toewyding tree sy namens die slagoffers op. 'n Mens sou kon dink dat sy gemotiveer word deur haar liefde vir God se skepping en God se mense. En tog het sy vir ds. Malan gesê, as ek reg onthou, dat sy nie meer in God glo nie. Vroeër het sy, maar nie meer nie, want God help haar nie in haar stryd teen al die ongeregtighede in ons samelewing nie. Hoekom sal 'n voortreflike vrou wat met soveel ywer stry teen ongeregtighede, haar geloof verloor? Ek weet nie mooi nie, maar wil 'n antwoord waag: is dit nie omdat ons as gelowiges aanvaar dat God soos 'n poppemeester agter die skerm die toutjies trek en alles beheer nie? Van die mees geringe gebeurtenisse tot die heel grootste? En as dinge dan skeefloop vir ons, dan gee ons God die skuld daarvoor, want "Hy beheer mos alles", "Hy bepaal alles". Is dit so? As mense wreed vermoor of kinders mishandel word, of 'n diep gelowige ongeneeslike kanker opdoen, is dit God se skuld? Of as 'n dronk bestuurder oor die middelman van 'n dubbelweg ry en reg van voor bots teen 'n kar waarvan die twee insittendes op slag sterf, is dit God se skuld "omdat Hy alles beheer"? Of as 'n man sy vrou uit jaloesie doodskiet en hul drie kinders die trauma daarvan moet hanteer, is dit God se skuld dat so 'n tragedie plaasvind? Hoe meer voorbeelde opgehaal word van al die aaklige dinge wat elke dag gebeur en wat ons op TV sien en in die koerante van lees, hoe meer besef ons dat ons nie kan sê dat God alles beheer en dat Hy daarom die skuld moet kry vir al die ellende en boosheid nie. As ons aanhou redeneer dat God alles beheer, dan is dit geen wonder dat ons God naderhand verwerp wanneer die ellende wat ons ervaar vir ons te veel word nie. Hoekom? Omdat God dan nie doen wat ons dink Hy moet doen nie. So 'n denke is nie meer godsdiens nie maar selfdiens. Hoe moet ons dan probeer sin maak van God se rol in hierdie lewe met al sy aaklige en bose gebeure? Ek wil enkele aspekte noem wat ons in gedagte moet hou:- God het die mens geskep met die vermoë om vir homself te dink en te kies.

* Daarom kan die mens téén die wil van God kies en doen hy dit ook baiekeer. Daarvan getuig elke dag se wandade oorvloediglik.

* Daarom kan ons God nie die skuld gee vir mense se verkeerde keuses en verwerplike dade nie. Die mens bring ongelukkig baie onreg

(gaan aan op p. 16)

Die MISTERIEUSE SEEROWER HOED

Die WIMBLEDON HOED

Die GOGGA HOED



Die IETSIE-STRAAL HOED

Die VOORTREKKER KAPPIE



Die PIEKNIEK HOED

(vanaf p. 6)

met my gebeur. Dit was skrikkeljaar en die meisie het die voorreg gehad om vir die seuns te vra om met hulle te "case" soos ons dit genoem het.

En raai wat, ek het daardie skrikkeljaar 'n prop van 'n meisie met die naam van Emsie Hoffman ontvang. ('n Prop is afkorting vir proposal, wat vra vir 'n case of vriendskap.)

Dit was die heerlikste ondervinding wat hierdie sestien- jarige seun nog ooit getref het. So heerlik, ek waardeer dit vandag nog. Voor ek hierdie briefie gekry het was ek die arm kaalvoet seun van Heidelberg wat nie veel van 'n selfbeeld gehad het nie. Maar toe ek daardie prop kry, het my selfbeeld met my behoorlik begin weghardloop. My hele lewe het begin verander.

Die vreugde en dankbaarheid wat daardie ou stukkie papier vir my gebring het, sit nog steeds in my hart. Om te dink dat 'n meisie op my verlief geraak het en vir my gevra het om 'n vriendskap met haar aan te gaan, was byna te goed om waar te wees.

O, die wonder van daardie skrikkeljaar.

JESUS

Jare later het ek 'n ander nog heerliker ondervinding gehad. Dit was 'n ontdekking waarvan die omvang nie beskryf kan word nie. Ek het ontdek dat God die vader my werklik liefhet. Vir jare het ek geglo dat my swakhede sy liefde vir my beperk het. Vir baie jare het ek probeer goed wees om Sy guns te wen.

Maar terwyl ek Jesus se pyn en worsteling in Getsemane en op Golgota bestudeer het, het ek ontdek dat Hy my liefhet met 'n liefde wat nie op my geestelike prestasies gebaseer is nie, maar op Sy goedheid alleen. 'n Liefde wat Hom nie deur my swakhede nie laat afsit nie.

Sy liefdesbrief aan my het Hy in Bethlehem/Nasaret /Getsemane/Golgota kom neersit. Die ou briefie wat ek daardie skrikkeljaar van 1952 gekry het, was op papier geskryf en die ink het dof geword. Maar die liefdesbrief wat die Vader aan my geskryf het, het Hy nie op papier geskryf nie, maar op Sy Seun, Jesus Christus. En hoe meer ek hierdie liefdesbrief van die Vader lees, hoe duideliker raak die boodskap.

Daar is een reëltjie wat sê dat Hy my so lief het dat Hy Jesus gegee het om in my plek te sterf sodat ek volkome vergifnis kan geniet.

Weet jy hoe dankbaar ek is omdat al my sondes vergewe is? In Jesus is ek so skoon asof ek nog nooit gesondig het nie.

Op hierdie brief, Jesus Christus, wat die Vader vir my geskryf het, staan daar nog 'n pragtige boodskap. Dit sê dat my redding 'n uitgemaakte saak is. Jesus Christus het vir my 'n volmaakte lewe kom leef en ek word gered op grond van dit wat Jesus Christus vir my kom doen het.

Ek loof en prys Sy heerlike Naam. Ek dank Hom nie net vir die voorreg om Hom hier te kan prys nie, maar vir 'n ewigheid wat voorlê waarin ek Hom kan gaan loof en prys.

Ek nooi jou om weer opnuut die brief van die Vader aan jou en my te lees, die brief Jesus Christus. Daardie brief kom nie net een keer in 'n skrikkeljaar nie, daardie brief is 'n daaglikse brief. Kom ons lees die brief Jesus Christus. Kom ons lees en lees Hom. Kom ons lees Hom totdat ons dankbaarheid so oorvloedig word dat dit op mense om ons sal uitstraal.

https://byb-el.amazingdiscoveries.co.za/2017/08/28/dankbaarheid-die-parfuum-van-my-hart/

Basaar by die Omgeekerk

11 Augustus 2018

Daar is opnuut ‘n bewuswording oor die belangrikheid van dankbaarheid. Nou dan is dit mos die ideale tyd om dankbaarheid uit te spreek vir ‘n sukesvolle Basaar.

Ek glo ek was nie die enigiste kleingelowige tydens die voorbereidings nie en was maar stilweg op my eie manier bekommerd. Die vakansiedag...en hakke in kommunikasie.

My bekommernis was egter verniet. Die ratte van die Omgeekerk is goed ge-olie, dit loop geluidloos in die agtergrond en die organiseerders kan binne ‘n oomblik planne aanpas.

Ek het met my eie oge gesien hoe al die planne net in plek geval het en hoe goedere, hande en voete net was waar nodig was. Elkeen het sy rol gespeel, deelname is selfs verseker vir and van die wat nie self die dag kon bywoon, deur kosbestellings te neem en af te lewer.

Nog ‘n bron van dankbaarheid is die gesindheid waarmee elkeen deelgeneem het. Ek weet ek was nie oral, maar vanaf waar ek toegekyk het, was alles gedoen met die mooiste gesindheid.

Daar is massas kos gemaak, daar is “gazebos “ op en afgeslaan, daar is geld getel en goedere aangedra, sodat die stallettjies die maksimum wins kon wys.

Ons is dankbaar vir al die organiseerders. Ek gaan vandag geen name noem, want ek mag dalk net een mis, wat onvereeflik sal wees, want elkeen verdien ‘n dankie. Sal vir my heerlik wees om met foto’s oor elkeen uit te brei in die volgende uitgawes. Ek het egter meer inligting nodig. Persoonlike belewenisse, so kan ons mekaar beter leer ken en ook sien waar ons kan olie voeg om hierdie ratte van die Omgeekerk te ondersteun.

DIE VERMAAK OP DIE DAG

Die Marimba Orkes van Hoërskool Centurion se klokhelder en vrolike wysies, was heerlik so op ‘n laat-winters oggend.

Dit was wonderlik om te sien dat ons ge-

(gaan aan op p. 9)

fleitige hande en ‘n kreatiewe siel.

Heleen Pretorius—al die hoede en idees! Jammer die knie-operasie het my van ‘n vennot ontneem.

Adél Klerck– wat ‘n staatmaker het ons gemeente nie in haar nie. ‘n Voorbeeld om na te volg.

Ek weet ek noem nie almal wat bygedra het tot hierdie projek nie, maar ek neem redaksionele vryheid om sommer met die hoede-projek te begin om name noem.

Hopelik met volgende uitgawe het ek meer inligting uit gemeente.

Die pryse wat gewen , na die lootjie trekking was:

Hancadri Spies : Spa-dag by Emperors palace
Karen Dreyer : Middagete vir 2 by Centurion Lakeside Hotel
Michelle : Handsak
Agatha Roelofse : Serp en bad goedjies
Jean Griffin : Bloubul T-hempie
Pryse is by Sue in die kerkkantoor te kry, indien u dit nog nie ontvang het nie..

Graag wys ek foto’s van die hoede wat ingeskryf is. Hier vol die eerste paar:

Die STILLETTO HOED

Die KUNSTENAARS HOED

DieSLIMKIND HOED

Die POISIE HOOFKWARTIER HOED

(vanaf p. 11)

heid. So ook ‘n handewerk stalletjie, met artikels wat met net soveel omgee voorberei is vir die dag se handel.

Items wat nie op die Wit-Olifant stalletjie verkoop is nie, is mee veiling gehou. Dankie vir

al die bydraes.
Soos vroër genome moenie dink die aktiwiteite en stalletjies maak die Basaar nie. Daar was dames wat geld opgepas en getel het. Daar was bemarking en beplanning, kommunikasie en verslaggewing.

Aan elkeen wat kom werk, kom kuier en oor ‘n afstand ondersteun het, DANKIE.

Ek hoor ‘n bedrag van ongeveer R70,000-00, nou ek weet nie of ek verkeerd verstaan het nie, maar …… ek buig my kop en ek kan net sê, dit is net met die Here se Genade.

Ons gemeente met soveel ondersteuning van sy lidmate, kan en sal aanhou om ons beste te gee om die Here se Wil te doen, binne ons gemeenskap. Dankbaar om deel van Lyttelton -Noord NG-Gemeente te wees.

HOEDE-PRET

Wel, die Basaar se hoede-pret projek het ‘n kreatiewe monster in my wakker gemaak. Ek het lanklaas iets so geniet. Dit het die skeppende kant so bietjie afgestof en ek sien ‘n interessante hoed agter elke hoek en draai en wens eintlik ek het meer tyd gehad, om nog te skep…. Maar die projek is oor en daar was 26 hoede. Yip, 26 verskillende hoede. Dis so baie ek sal die skeppings moet voorstel oor ‘n paar maande.

Voor ek die skeppings begin voorstel, wil ek net noem, dat daar besluit is om die hoede pryse uit te loot op die dag van die Basaar en besoekers kans te gee om vir hulle gunsteling hoed te stem. Meesste wat lootjies gekoop het, het egter nie gestem nie, so daar is nie ‘n hoede wenner nie en miskien is dit ook goed, want elke hoed was uniek. Dankie aan elkeen wat ‘n hoed gemaak het, bydraes gemaak

het, ek wil graag die volgende mense vir hul bydraes bedank:

Sue Nel—kan organiseer en sjoe ons sit met ‘n regte kunstenaar in ons midde.

Tannie Ansie– ek is nie seker van tannie se

(vanaf p. 8)

meenskap en omgewing nog geleenthede van kulturele ontwikkeling en groei het.

Marulaboom, het vanuit die kerksaal soos ‘n wafferse radio-omroeper, homself professioneel van sy taak gekwyt om besoekers en werkers by die basaar te vermaak, deur stalletjies te adverteer en sy “repertoir” te sing.

Dan ook die verbasende “ryk” stem van die jong **Illana Hattingh,** ongelukkig het ek nie ‘n foto van haar nie.

Die foto hierbo wys die bekwame tegniese klank span van die dag.

DIE STALLETJIES

Ek het ongelukkig nie fotos van al die stalletjies wat georganiseer was nie, dit maak egter die bydrae wat gemaak is nie minder waardeer nie.

KINDER-PRET: die SPRINGKASTEEL

PRET vir JONK & OUD: loop-langs korrel

KOS-STALLETJIES

Daar was soveel verskillende kos-stalletjies, dat dit verbasend is dat elke liewe een uitverkoop was teen 14:00. Ek self het net die kerrie-en-rys en pannekoek geproe, maar volgende jaar weet ek om vooraf te bestel. God seën die Omgeekerk.

(gaan aan op p. 10)

(vanaf p. 9)

Die foto's wat ek wel gekry het, wys die aanename samesyn wat die dag geheers het.

GEBAK

Koekes, koekies, koekies, genoeg vir enige "koekie-monster"!....

TEE-TUIN

..wat in 'n oogwenk in 'n meer geselle tee-"saal" verander het, teen die laasste winter kouetes buite.

POEDING

..'n moet op enige Kerk-basaar!

MAALVLEIS GEVULDE VETKOEK

Is glo die lekkerste in dié geweste…. Ek is regtig teleurgesteld oor ek die gemis het.

KERRIE-EN-RYS

Ek haal my hoed af vir die tonne werk wat elkeen gedoen het, om die maalvleis gedeel en gaar te kry, nie te min al die rys en groente. 'n Jaffel stalletjie moes ook nog hul deel kry. Dames… respek….

Daar was melkkos en pannekoek ook, jong een ding is seker, daar was iets vir elke smaak en bui.

As u mooi oplet op die foto's, is dit nie net die dames by die Omgeekerk wat kan bak en

(gaan aan op p. 11)

(vanaf p. 10)

brou nie. Die sterker geslag het verseker ook hul deel op die gaarmaak gebied gedoen, en baie van die kosstalletjies het met manlike verteenwoordiging gespog, onder andere de melkkos, ontbyt en die skaapbraai. Hier onder is die skaapbraaier in "motion".

Daar is 'n algemene "mite" dat verpleegsusters boelies is, wel ek dink hier wys ek nou my ware kleure. Ek verwag nuwe stories om in die September Kandelaar te skryf. Ek sal stemboodskappe, elektroniese pos en handgeskrewe inligting aanvaar, maar moenie die foto's vergeet nie. Sue by die kerkkantoor weet hoe om dit by my te kry.

HANDEL-STALLETJIES

Nog is daar het einde niet. Daar was tweede handse boeke verkoop, asook tweede handse klere. Die Wit-Olifant-tafel het verskriklik baie aftrek gekry en die belangstellendes het tou gestaan voor die hek om eerste by die stalletjies uit te kom, die oomblik as die Basaar begin.

Daar was plante te koop, 'n jaar se voorbereiding van plant vir hierdie geleent-

(gaan aan op p. 12)

Die Hemele Vertel die Eer van God

Helen Steiner Rice

Jy vra hoe weet ek daar's 'n god
Wat lewe en lewe gee;
Wat oor die universum heers –
Oor hemel en land en oor seë;

'n God wat waak in liefde
Oor alles wat bestaan,
Sodat selfs die kleinste korrel sand
Nie verlore kan gaan;

'n God wat jaarseisoene
Beheer – laat kom en gaan –
Wat polssla, lewensritme gee
Aan alles wat bestaan;

'n God wat die planete
Ver bokant ons laat hang –
Die nag versigtig wegskuif
En die dag vervang;

'n God wat met Sy skeppingswerk
Die mees bedrewe man
Verdwaas, onmagtig, klein laat voel,
By aanskoue van Sy plan?

Wat meer kan ek dan antwoord
As orals waar ons gaan,
Die hele skepping om ons
Uitroep: "GOD BESTAAN!"